NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

# BETER AS >

PROFIEL 2022 - 2023

# DIE GROTER PRENTJIE

26 *openbare hoëronderwysinstansies in SA*

6 *omvattende universiteite*

14 *konvensionele universiteite*

6 *universiteite van tegnologie*

**Die Noordwes-Universiteit (NWU)**
is een van die konvensionele universiteite in SA

**Universiteite Suid-Afrika**
is die beheerliggaam vir SA se hoëronderwysinstansies

Die prentjie op die voorblad simboliseer ons tema, "**Beter as**".

By die NWU glo ons dat ons elke dag en elke oomblik die potensiaal het om **beter te word** as wat ons tans is.

Hierdie idee het gelei tot ons "**Beter as**"-veldtog, waartydens ons ons belanghebbers aangemoedig het om gebruik te maak van die talle geleenthede wat die NWU hulle bied om beter as ooit tevore te word.

Die **groter as-teken** (>) moedig ons almal aan om aan te hou om vorentoe te beweeg. Elke dag en elke oomblik het die kapasiteit vir groei en vordering. Met 'n "Beter as"-houding en hope veerkragtigheid, moed en kreatiwiteit streef ons steeds na selfs groter sukses as vantevore.

# INHOUD


02 *Ons ontsluit die toekoms*

03 *Waar drome waar word*

04 *Waar dit gebeur...*

05 *Wie laat dit gebeur?*

08 *Kolskoot vir uitnemendheid: hier gaan ons!*

09 *'n Akademiese keurspel*

10 *Kritieke vaardighede vir die land*

16 *Die wêreld is ons speeltoneel*

18 *Ons is betrokke by ons bure*

20 *Innovasie vir die toekoms*

22 *Hartklop van die NWU: ons fakulteite*

36 *Kennis sonder grense*

37 *Ons lewer goed afgeronde studente*

40 *Gee verbeelding en voete vlerke*


*Let asseblief daarop dat alle 2022-syfers voorlopig is aangesien finale ouditering steeds in proses was toe hierdie dokument opgestel is.*

Dwarsdeur hierdie publikasie sal u skakels vind na verwante inligting – dit sal so lyk: **skakel**

# ONS ONTSLUIT DIE TOEKOMS

## Die gees van die universiteit: om beter as ooit tevore te word

Met die aanpak van die vele uitdagings wat die Covid-19-pandemie teweeggebring het, het ons besef die NWU en sy gemeenskap het die potensiaal om die grense van **grootsheid** te verskuif as ons saamstaan en in harmonie saamwerk.

Gevolglik het "**Beter as**" die tema geword wat deur al ons aktiwiteite loop. Die storie wat in hierdie korporatiewe profiel vertel word, gaan oor hoe ons as universiteit gegroei het en ook ander bemagtig het om **beter as ooit tevore te word**.

Hierdie gees kenmerk alles wat ons doen – van ons akademiese aanbod en navorsing tot ons studentekorps, gemeenskapsbetrokkenheid en sportprestasies:

- Ons fokus op internasionalisering (p16-17)
- Ons akademiese fakulteite (p22-34)
- Ons uitsonderlike programme (p22-34)
- Ons entrepreneuriese leer (p22-34)
- Ons afstandsleervermoë (p36)
- Ons uitnemendheid op sportgebied (p40)

## NWU-logo

Die kettingskakels simboliseer die eenheid van ons universiteit.

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## Slagspreuk

| | | |
|---|---|---|
| It all starts here | Dit begin alles hier | Gotlhe go simologa fano |

## Ons digitale transformasie

Met die Vierde Nywerheidsrevolusie goed aan die gang, het die digitale omgewing meer verander as wat ons ooit sou kon raai – en die NWU is gereed en gretig om hierdie nuwe digitale wêreld te omhels.

Tydens die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande skuif na aanlyn leer het ons tegnologie op betekenisvolle maniere ingespan om **beter as ooit tevore te word**.

Met die implementering van ons uitgebreide digitale besigheidstrategie het ons ons digitale reis in onderrig en leer, studente-ondersteuning en werkplekpraktyke versnel om te verseker dat die leerervaring en akademiese sukses van ons studente vir hulle 'n **beter toekoms** bied.



# WAAR DROME WAAR WORD

## 'n Verenigde instelling

Die NWU is daartoe verbind om te funksioneer as 'n unitêre, geïntegreerde multikampusuniversiteit wat billikheid, herstel en globaal mededingende onderrig en leer en navorsing oor alle kampusse heen moontlik maak. Sáám kan ons enige toekomstige geleenthede benut en uitdagings die hoof bied.

## Ons strategieverklaring

Om die NWU as 'n unitêre instansie van hoogstaande akademiese uitnemendheid, met 'n verbintenis tot maatskaplike geregtigheid, te transformeer en te posisioneer.

## Ons droom

Om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek.

## Ons doel

Om uit te munt in innoverende onderrig en leer en baanbrekersnavorsing, om sodoende die gemeenskap deur kennis te dien.

# WAAR DIT GEBEUR...

Ons kernaktiwiteite, onderrig en leer en navorsing, is vervleg met gemeenskapsbetrokkenheid en innovasie in ons agt fakulteite waarvan die meeste afstand- sowel as kontakstudente dien.




## ...met die volgende in gedagte

As die NWU was ons nog altyd trots daarop dat ons ŉ waardegedrewe instelling is. Daarom het ons ons toewyding aan ons rigtinggewende waardes opnuut bevestig. Dié waardes is:

- Sorgsaamheid en inklusiwiteit
- Omarming van diversiteit
- Deursigtigheid
- Uitnemendheid in alles wat ons doen
- Etiek in alles wat ons doen
- Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid
- Akademiese vryheid en vryheid van navorsing



# WIE LAAT DIT GEBEUR?

## Betroubare leierskap

**Adjunk-visekanselier:** Onderrig en Leer

**Adjunk-visekanselier:** Navorsing en Innovasie

**Hoof en visekanselier**

Dr Bismark Tyobeka - Hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat oor die instelling se algehele prestasie aan die NWU-Raad verantwoording doen.

Die adjunk-visekanseliers op die kampusse is verantwoordelik vir kampusbedrywighede en ander toegewese funksies.

- Adjunk-visekanselier (Mahikengkampus)
- Adjunk-visekanselier (Potchefstroomkampus)
- Adjunk-visekanselier (Vanderbijlparkkampus)

Daarbenewens het ons ŉ registrateur en vier uitvoerende direkteurs.


- Registrateur
- **Uitvoerende Direkteur:** Finansies en Fasiliteite
- **Uitvoerende Direkteur:** Mense en Kultuur
- **Uitvoerende Direkteur:** Korporatiewe Verhoudinge en Bemarking
- **Uitvoerende Direkteur:** Studentelewe

Ons het agt fakulteite.

- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Gesondheidswetenskappe
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Ingenieurswese
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Geesteswetenskappe
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Opvoedkunde
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Regte
- **Uitvoerende Dekaan:** Fakulteit Teologie

# ’n WENSPAN WAT WOEKER

Geslags- en rassesamestelling van permanente personeel soos op 31 Mei *2022




**Vroulik totaal: 2 183**

**Manlik totaal: 1 735**

*(2022-syfers nie finaal nie)

## Hoe ons mense bemagtig


| | |
|---|---|
| Swart uitvoerende direkteurs (as % van totale uitvoerende direkteurs) | 50% |
| Vroulike uitvoerende direkteurs (as % van totale uitvoerende direkteurs) | 50% |
| Swart personeel (as % van totale personeel) | 43% |
| Vroulike personeel (as % van totale personeel) | 55% |
| Swart Universiteitsbestuurskomiteelede (% van totale UBK) | 54,5% |
| Vroulike Universiteitsbestuurskomiteelede (% van totale UBK) | 45,4% |

# BAANBREKERS WAT NA KENNIS STREEF

## Navorsingstelkaart


- 2 811 geweegde navorsingsuitset-eenhede in 2020
- 1 536,59 artikelekwivalente gepubliseer in 2020
- 215 postdoktorale genote in 2020

PhD’s toegeken




*Van 2017 tot 2021 het die getal toegekende PhD’s met 12,3% toegeneem.*

NNS-gegradeerde navorsers




*Van 2017 tot 2021 het die aantal NNS-gegradeerde navorsers met 22,2% toegeneem.*

## Groter navorsingskapasiteit

Wanneer ons akademici suksesvol aansoek doen vir gradering en hul navorsingsuitset verbeter, brei hulle hul vermoë uit om te soek na oplossings vir die probleme in die samelewing, en so ook die universiteit se kennisbasis. Die NWU lewer ’n bydrae deur opleiding te verskaf oor die skryf van opsommings en konferensiereferate, die skryf van artikels en beste praktyk met die opstel van navorsingsvraelyste.

## Nagraadse studente

Ons poel navorsingsvaardighede **word groter** omdat ons aktief meer meestersgraad- en doktorale studente werf. In 2021 het ons 471 internasionale nagraadse studente op ons kampusse gehad (insluitende honneurs en nagraadse diplomas).

# KOLSKOOT VIR UITNEMENDHEID: HIER GAAN ONS!

## Ons taalbeleid is uniek

Ons het ŉ meertalige taalbeleid wat probeer om ŉ billike en funksioneel meertalige taalomgewing oor alle komponente van die universiteit heen daar te stel. Wanneer alle studente en personeel met gemak kan kommunikeer – professioneel en sosiaal – **word ons saam beter as ooit tevore**.

Die taalbeleid bevorder die akademiese status van die vernaamste Afrikatale van die streke waarbinne ons kampusse geleë is, naamlik Setswana en Sesotho, as onderrigmediums en vir akademiese diskoers. Ons doen dit benewens die handhawing van Engels en Afrikaans as ons ander huidige onderrigtale.

In plaas daarvan om die verskeidenheid van tale wat gepraat en geskryf word te verminder, is ons taalbeleid inklusief. Om ons meertalige doelwitte te bereik, maak ons gebruik van alle linguistiese hulpbronne wat tot die beskikking is van ons personeel en studente wat wyd uiteenlopende linguistiese repertoires het. Ons oogmerk is om onderrig en leer, sowel as die studente-ervaring, deur funksionele meertaligheid te verbeter.

Ons het verskillende modusse van meertalige onderrig: enkelmedium, parallelmedium, dubbelmedium en opvoedkundige tolking – en almal behels een of meer van die vier amptelike NWU-tale, naamlik Engels, Afrikaans, Sesotho en Setswana.

Ons maak ook gebruik van sogenaamde "translating". Dit maak meertalige pedagogieë (onderrig-leer-benaderings) moontlik, waar alle tale wat deur studente gepraat word, gebruik word in onderrig en leer. Hierdie benadering is steeds in sy kinderskoene, maar word aktief ontwikkel.

Uiteindelik wil ons hê al ons studente moet die vakinhoud kan bemeester en toepas – in meer as net een of twee tale.



Ons droom is om ŉ universiteit te skep waarin almal welkom sal voel in hul eie taal en dit sal kan gebruik om vryelik te onderrig, te leer en interaksie te hê.



# ŉ AKADEMIESE KEURSPEL

Die NWU bied meer as net ŉ opvoeding: ons bied aan mense die geleentheid om te groei en **beter as ooit tevore** te word. Ons akademiese aanbod bied aan studente ŉ groot keuse, en buigsaamheid, en stel hulle in staat om hul potensiaal te bereik en om hul loopbane te begin ontwikkel.

## Onderrig- en leer-telkaart

Ons het ons studente-inskrywings, slaagsyfers en aantal toegekende kwalifikasies beduidend verhoog sedert 2004, toe die NWU tot stand gebring is.

**33,12%**
TOTALE GROEI
Studente ingeskryf
2004 → 2021
40 145 → 53 469

**14,33%**
TOTALE GROEI
Voorgraadse slaagsyfer
2004 → 2021
78,02% → 89,2%

**49%**
TOTALE GROEI
Kwalifikasies toegeken
2004 → 2021
9 657 → 14 484

**203%**
TOTALE GROEI
PhD's toegeken
2004 → 2021
87 → 264

## Slaagsyfers en kwalifikasies toegeken van 2017 tot 2021

ŉ Jaar-tot-jaar-uiteensetting van ons prestasie in die afgelope vyf jaar gee ŉ omvattende oorsig.

| | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse slaagsyfer | 85,08% | 83,2% | 83,8% | 92,27% | 89,2% |
| Graadverwerwingskoers | 25,6% | 25,1% | 23,5% | 27,4% | 27% |
| Grade en diplomas toegeken | 16 004 | 15 350 | 14 961 | 15 454 | 14 484 |
| Meestersgrade toegeken | 813 | 753 | 798 | 722 | 698 |
| PhD's toegeken | 235 | 248 | 314 | 251 | 264 |

# KRITIEKE VAARDIGHEDE VIR DIE LAND

Die NWU bied ŉ reeks kwalifikasies en akademiese programme aan wat graduandi in staat stel om skaars en strategiese vaardighede tot die ekonomie by te dra. Ons bied dit aan deur kontak-, aanlyn of afstandsonderrig en toepaslike onderrig-leer-tegnologieë te gebruik.

## Onderwysers

Die Fakulteit Opvoedingswetenskappe lewer ŉ beduidende bydrae om aan die land se behoefte te voldoen aan gekwalifiseerde, professionele onderwysers. Die fokus is op voorgraadse en nagraadse onderrigprogramme met spesialiserings in skaars vaardighede, soos die wetenskappe, spesialebehoefte-onderwys, wiskunde en ŉ verskeidenheid Suid-Afrikaanse tale.

Deur verskillende kwalifikasies via afstandsonderrig aan te bied, gee ons werkende opvoeders landwyd die geleentheid om hul kwalifikasies op te gradeer, wat verskillende loopbane in die onderwyssektor moontlik maak.

Daar is ŉ groot tekort in Suid-Afrika aan tegniese vaardighede in onderwys. Die fakulteit lewer ŉ bydrae deur opleiding te verskaf aan opvoeders in meganiese, siviele en elektriese tegnologie en in grafiese ontwerp vir ingenieurswese.

## Rekenmeesters

Die tekort aan gekwalifiseerde rekenmeesters in Suid-Afrika bly ŉ groot uitdaging, en die NWU streef daarna om te verseker dat ons ŉ program het vir alle voornemende studente wat rekenmeesters wil word.

Ons is die enigste universiteit in Suid-Afrika wat vier professionele rekeningkundegrade tot op honneursvlak aanbied. Dit is die BCom-grade in forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, bestuursrekeningkunde en finansiële rekeningkunde.

NWU-studente vaar besonder goed in die eksamens van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR).

Ons bied ook meesters- en doktorsgrade in spesialiserings soos rekeningkunde, forensiese rekeningkunde, belasting en bestuursrekeningkunde aan.

## Gesondheids- en veiligheidsbestuurders

Ons leef in ŉ veranderende wêreld van uiteenlopende gesondheids- en veiligheidsrisiko's. Werkgewers het baie wetlike en morele verpligtinge om gesondheid en veiligheid in die werkplek te verseker en om die omgewing te beskerm, en die vraag na gespesialiseerde beroepslui in dié velde neem toe.

Ons BCom-graad in bestuurswetenskappe met veiligheidsbestuur kombineer ondernemingsbestuur en veiligheidsbestuur, met die fokus op veiligheidsouditering, gesondheids- en veiligheidstelsels, veiligheidsrisikobestuur, die ondersoek van voorvalle, en veiligheid in die werkplek.

Gesondheid en veiligheid is ŉ opwindende, uitdagende en gespesialiseerde vakgebied waar veiligheidspersoneel interaksie het met ander spesialiste, soos gesondheidspraktisyns, beroepshigiëniste en omgewingspraktisyns.

Vir die suksesvolle student bied die graad toegang tot honneurs-, meesters- en doktorsgrade in ondernemingsbestuur.

## Risikobestuurders en ekonome

Ons ekonomie- en risikobestuursgrade maak deure oop om skaarsvaardigheidsberoepe te betree, soos ekonomiese navorsing en analise, finansiële adviesdienste aan die regering en die privaat sektor, beleggingsontleding, portefeuljebestuur en finansiële risikoanalise, wat op die kritieke vaardigheidslys (2022) van die Departement van Binnelandse Sake is.

ŉ Unieke nagraadse geleentheid is die toegepaste risikobestuursprogram wat deur die Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur in die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe aangebied word. Dit het gedragsrisikobestuur as ŉ spesifieke fokus, rus studente toe om gedragsrisiko-instrumente in die praktyk te gebruik en is die enigste nagraadse program in toegepaste risikobestuur in Suid-Afrika.

## Landbou-ekonome

As gevolg van ŉ verminderde navorsingsfokus by landboukolleges en die Landbounavorsingsraad het die landboubedryf ŉ groot aantal hoogs geskoolde personeel verloor. Verskeie agribesighede het die NWU versoek om werk te maak van die kritieke behoefte aan opleiding en navorsing in die landbou wat die regering as ŉ strategiese prioriteit geïdentifiseer het.

Daar is ook ŉ beduidende tekort aan vaardighede vir die bestuur en administrasie van agribesighede, insluitende finansiële bestuur. Ons Skool vir Ekonomiese Wetenskappe wil hierdie vaardigheidstekorte die hoof bied met ŉ BCom-graad in landbou-ekonomie.

## Regskenners

Die Fakulteit Regte is bekend vir sy graduandi in internasionale handelsreg, omgewingsreg en volhoubare ontwikkeling, alles vakgebiede wat belangrik is vir ŉ ontwikkelende land.

## Wiskundiges en dataontleders

Ons bied voor- en nagraadse kwalifikasies aan in die kritieke vakgebiede van wiskunde, toegepaste wiskunde, statistiek, besigheidsanalise en kwantitatiewe risikobestuur. Wiskunde vorm die grondslag van alle wetenskaplike ontwikkeling en navorsing en stel metodes daar vir die insameling en ontleding van, en die verslagdoening oor, data.

Die breë vakgebied van statistiek is deur die regering tot ŉ kwesbare kritieke wetenskap verklaar as gevolg van ŉ ernstige tekort aan statistiese vaardighede in die privaat sektor en selfs in regeringsdepartemente soos Statistieke SA.

## Aktuarisse

Die NWU is bekend vir die gehalte van ons graduandi in aktuariële wetenskappe en die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika spog met verskeie programme wat beroepslui vir die finansiëledienstesektor lewer, spesifiek versekering en bankwese.

## Rekenaarwetenskaplikes en inligtingstelselspesialiste

In Suid-Afrika en regoor die wêreld is daar ŉ groot behoefte aan rekenaarwetenskaplikes en inligtingstegnoloë. Ons programme verskaf graadvlak-kundigheid en vaardighede in rekenaarwetenskap en inligtingstelsels, en berei graduandi voor op die uitdagings van die Vierde Nywerheidsrevolusie (4NR).

## Natuurwetenskaplikes en bioloë

Ons lewer natuurwetenskaplikes soos fisici, chemici en mikrobioloë wat gesog is in onder meer vervaardiging, die mynwese en die farmaseutiese sektor. Sommige graduandi doen navorsing oor toegepaste fisika, waar hulle alternatiewe en skoon energiebronne ondersoek of vervaardigingsprosesse meer koste-effektief maak.

Astrofisici gebruik hul hoëvlak-probleemoplossingsvaardighede om belangrike tegnologiese infrastruktuur en deurbrake te lewer.

## Taalpraktisyns

In meertalige en multikulturele Suid-Afrika is daar ŉ groeiende vraag na gekwalifiseerde taalpraktisyns met gespesialiseerde vaardighede in vertaling, teksredigering, tolking, oudiovisuele vertaling en gebaretaal.

Taaltegnologie en rekenaarlinguistiek is ook groeiareas gegewe die vooruitgang in tegnologie en die opkoms van die 4NR. Bogenoemde is alles areas waar ons gefokusde voor- en nagraadse aanbiedings het.

Nagraadse studente het geleenthede om gespesialiseerde navorsingsvaardighede te ontwikkel en gevorderde navorsingsmetodes te ondersoek, insluitende korpusontwikkeling en -ontleding, oogvolging en sleuteldrukvaslegging, sagteware-ontwikkeling en masjienleer.

## Ingenieurs

Ons bied spesialiserings aan wat wissel vanaf chemiese ingenieurswese (insluitende mineraalverwerking) en suiwer meganiese en elektriese ingenieurswese tot 'n hibried van elektromeganiese ingenieurswese. In ooreenstemming met die 4NR bied ons grade in rekenaar- en elektroniese ingenieurswese, megatroniese ingenieurswese en bedryfsingenieurswese aan.

Alle voorgraadse programme behels industrie- en navorsingsamewerking, wat strek tot gefokusde nagraadse grade.

Deur ons navorsingsentiteite rus ons ingenieurs en navorsers toe om ondersoek in te stel na geïntegreerde energie-oplossings, insluitende fossielbrandstof, biobrandstof en waterstofenergie.

Om skaars vaardighede 'n verdere hupstoot te gee, ontwikkel ons ook mediese toestelle en kommersialiseringsplatforms, en doen navorsing oor meertalige spraaktegnologie, intelligente stelsels, dinamiese modellering en beheer, telekommunikasie, vliegtuigontwerp en -vervaardiging.

## Dieregesondheidstegnici

Ons lei dieregesondheidstegnici op, wat 'n baie belangrike rol vervul in die lig van die nypende tekort aan professioneel opgeleide veeartse in Suid-Afrika, en die vraag na tegnici met opleiding in navorsing.

## Inheemse kennisstelsel-spesialiste (IKS-spesialiste)

Slegs enkele tersiêre instansies in Suid-Afrika bied IKS as 'n formele kwalifikasie aan. Ons IKS-aanbod is multidissiplinêr van aard en integreer aspekte van inheemse landbou, gesondheid, wetenskap en tegnologie.

## Gesondheidspraktisyns en verwante kliniese wetenskaplikes

Die NWU is trots op sy professionele programme in farmasie, dieetkunde en verpleegkunde, en lewer hoëgehaltegraduandi aan die gesondheidsektor waar daar 'n groot vraag na hul vaardighede is.

Ons Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie huisves die Wêreldgesondheidsorganisasie se Samewerkingsentrum vir die Kwaliteitsversekering van Medisynes. Hierdie sentrum ontwikkel voortdurend nuwe kortkursusse om die regulatoriese kapasiteit van internasionale medisynereguleerders uit te bou.

## Beroepshigiëniste

Die BHSc in beroepshigiëne is die enigste vierjarige professionele graad vir beroepshigiëniste in Suid-Afrika. Dit is ook van waarde vir buurlande waar die beroepshigiëneraamwerke grootliks op Suid-Afrika se wetgewing en kundigheid staatmaak.


## Vertolkers van antieke tale

Die NWU is uniek in die aantal antieke tale wat hier aangebied word. Kennis van hierdie tale was nog altyd 'n skaars vaardigheid en alhoewel antieke tale 'n klein vakgebied is, is daar 'n groot vraag na vertolkers van antieke dokumentêre bewysmateriaal.

## Omgewingsbestuurders

Die regering het omgewingsbestuur gelys as 'n "grootste aanvraag"-beroep en beskou dit as die 35ste skaarsste vaardigheid in Suid-Afrika.

Die meestersgraadprogram in omgewingsbestuur, aangebied deur die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur, verskaf wêreldgehalte nagraadse opleiding en navorsing oor die prestasie van verskillende omgewingsbestuursbenaderings en -instrumente.



# DIE WÊRELD IS ONS SPEELTONEEL

Deur samewerking met ander universiteite en instansies wêreldwyd is ons deel van die globale hoëronderwysgemeenskap. Dit gee ons **beter insig** in hoëronderwystendense en toegang tot vennootskappe en samewerkings wat dit vir ons moontlik maak om **beter as ooit tevore** te word.

Ons internasionaliseringsaktiwiteite sluit in samewerking wat betref akademiese, navorsings-, kulturele en sportaangeleenthede. Ons bied gesamentlike grade met ons vennote aan en ons personeel werk saam aan publikasies, ontwikkel internasionale netwerke en dien op internasionale liggame. Tydens die pandemie moes ons aktiwiteite aanlyn geskied, maar sedertdien het ons ons internasionale besoeke en studente- en personeeluitruilprogramme hervat.

In 2022 het ons 1 196 internasionale studente van meer as 65 lande gehad. Onder hulle was 471 nagraadse studente, insluitende 251 doktorale kandidate.

## Samewerking plaaslik en internasionaal

Die NWU het verhoudinge met baie universiteite in Suid-Afrika en in die buiteland (sien wêreldkaart). Ons werk ook nou saam met internasionale liggame wat aktief is in 'n groot verskeidenheid dissiplines – van medies, gesondheid, teologie en energie tot ekonomie, opvoedkunde, handel en sport.

In Suid-Afrika werk ons saam met spelers in industrieë soos farmaseutika, toerisme, mynwese, bankwese en elektrisiteitsvoorsiening, sowel as plaaslike besighede.

Binne Suid-Afrika het ons betrekkinge met nasionale professionele entiteite en beheerliggame op die vakgebiede van sielkunde, regte, onderwys, gesondheid, toerisme, landbou, rekeningkunde, tesourie, ingenieurswese en kunsmatige intelligensie.

Ons skakel ook met verskeie provinsiale en nasionale regeringsdepartemente, en daar is noue samewerking met plaaslike gemeenskappe, tradisionele owerhede, sportklubs (plaaslik, provinsiaal en nasionaal), sakekamers en plaaslike munisipaliteite.

Al hierdie aktiwiteite help ons om 'n **beter kennisvennoot te word**, met die netwerke en kundigheid om by te dra tot gemeenskapsbetrokkenheid en om oplossings vir maatskaplike probleme te vind.

# ONS IS BETROKKE BY ONS BURE

## 'n Volhoubare impak

Hierdie deel van ons kundigheid is vervleg met ons kernbesigheid (onderrig en leer en navorsing) en benadruk volhoubaarheid en gemeenskapsimpak.

Ons plaaslike gemeenskappe identifiseer behoeftes waarmee ons kan help. Ons vergelyk voortdurend hierdie behoeftes en die werklike impak van ons gemeenskapsbetrokkenheid om te verseker dat ons regtig gemeenskappe se behoeftes op 'n volhoubare manier aanspreek.

Ons maak ook seker ons bydraes lei tot die verwesenliking van die Verenigde Nasies se doelwitte vir volhoubare ontwikkeling en die Afrika-agenda 2063. Sodoende belyn ons ons inisiatiewe met hierdie internasionale en kontinentale doelwitte, om **groter sinergie te verseker**.

> Ons verbintenis tot plaaslike gemeenskappe is ingebed in ons visie (droom), met die klem op wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek. Ons primêre gemeenskappe is die drie munisipaliteite waar ons kampusse geleë is.

## Die veranderende gesig van gemeenskapsbetrokkenheid

Ten spyte van die moeilike omstandighede tydens die Covid-19-pandemie het ons 490 gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite in 2021 uitgevoer, vergeleke met 175 in 2020. Dit bevestig ons verbintenis tot gemeenskapsuitreikprojekte en die deel van kundigheid – saam is ons almal **beter as ooit tevore**.

## Beter tesame

Tydens die pandemie was daar 'n groot vraag na gesondheidsverwante inligting en oorlewingstrategieë vir besighede, en die NWU het hierop reageer deur middel van radio-onderhoude, koerantartikels en sosialemedia-plasings. Ons het Covid-entstof aan lede van die publiek toegedien en mense opgevoed oor die feite en mites rondom die entstof.

Werkgeïntegreerde leer en diensleer het voortgegaan waar moontlik. Gesondheidswetenskappe-studente het klinieke en hospitale besoek om opleiding oor beroertesimptome te doen en beroertebewustheid onder die publiek te verhoog.

Net so het die Mikrobiologie-vakgroep in die Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe 'n webinaar aangebied op Internasionale Mikro-organismedag om die publiek oor mikro-organismes op te voed.

As 'n deurlopende inisiatief organiseer studente kos vir die eerstejaars wie se etekaartjies uitgeput raak voordat hulle hul NSFAS-beurse ontvang. Daarby samel die Verteenwoordigende Studenteraad kos, klere en toiletware vir studente in, asook klere en nie-bederfbare voedsel vir gemeenskappe in nood.

Personeel van ons regsklinieke is steeds betrokke by regsopvoeding, regsdienste en kapasiteitsbouprogramme vir regsassistente en lede van die gemeenskap.

## Die pad vorentoe

Entrepreneurskap, omgewingsverantwoordelikheid en digitale geletterdheid sal sleutelfokusareas bly in ons strewe om by te dra tot die VN se Doelwitte vir Volhoubare Ontwikkeling en die Afrika-agenda 2063 deur ons kundigheid te deel en met vennote saam te werk.

Saam het ons en ons vennote die potensiaal om die **grense van grootsheid te verskuif**, soos deur opleiding en gemeenskapsgebaseerde navorsingsvennootskappe. Ons eenheid vir Volhoubaarheid en Gemeenskapsimpak het byvoorbeeld 'n vennootskap aangegaan met die "**Knowledge for Change Hubs**" (K4C) en die Universiteit van die Vrystaat.

Die eenheid lei ook gemeenskapslede op om **digitale vertelkuns** te gebruik om sosiale innovasies as deel van 'n globale storievertelnetwerk met mekaar te deel. As 'n beginpunt verskaf ons opleiding aan die opleiers om gemeenskapsprojekte aan mekaar en aan universiteite regoor die wêreld te verbind. Op hierdie manier bemagtig ons gemeenskapsopleiers om ander te help groei en **beter te word** as wat hulle was.

## Ons reis na grootsheid

### Dieregesondheid ent diere in teen hondsdolheid

Die vakgroep Dieregesondheid, in samewerking met die Dierebeskermingsvereniging (DBV) van Mahikeng, het onlangs die dorpie Lekaleng wat naby die kampus geleë is, besoek om gratis hondsdolheidinentings toe te dien.

Die vakgroep en meestersgraadstudente het 'n mobiele kliniek georganiseer en lede van die gemeenskap uitgenooi om hulle katte en honde vir hondsdolheisinentings te bring. Hulle het meer as 100 honde en twee katte tydens die uitreikgeleentheid ingeënt.



*'n Lid van die vakgroep Dieregesondheid is besig om 'n lid van die gemeenskap se hond in te ent.*

# INNOVASIE VIR DIE TOEKOMS

## Innovasie vir impak

Tegnologie-innovasie dra by tot die land se ekonomie en maak gebruik van ons vermoë om 'n selfs **groter bydrae** tot die samelewing te maak as vantevore. Nuwe uitvindings word gepatenteer om hul kommersiële en samelewingsimpak te maksimeer.

Die NWU het 339 toegestane patente wat 49 patentfamilies en 47 lande insluit. In die afgelope jare het nie-patentgebaseerde tegnologieë, soos sagteware-verwante en ander kopieregbeskermde tegnologieë, meer prominent geraak. Voorbeelde hiervan is die **TjopTjop-gesondheidsifting** -toepassing en die **Maths Whartels ®-bordspeletjie** en -toepassing wat leerders se wiskundevaardighede verbeter.

## Begin maatskappye

Die NWU het in die afgelope 35 jaar gehelp met die oprigting van 42 maatskappye. Dit sluit in newemaatskappye (wat die universiteit se intellektuele eiendom (IE) kommersialiseer), kommersiële ondernemings (wat nie-IE-besigheid bedryf) en gemeenskaps-IE-ondernemings (waar gemeenskapsuitvinders die IE skep en die NWU hulle help om 'n besigheid te stig). Die universiteit het steeds 'n belang in 22 van hierdie maatskappye.

Newemaatskappye word gestig indien nuwe NWU-tegnologieë ten beste gekommersialiseer kan word deur 'n onderneming te begin sodra die tegnologie markgereed is.

## Draai elke sent om

Die NWU is 'n finansieel stabiele universiteit wat winsgewend is. Ons standvastige benadering tot finansiële volhoubaarheid toon ons toewyding om as 'n instelling te **groei en beter** te word, terwyl ons ons belanghebbers bemagtig om dieselfde te doen.

| | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale inkomste | R4 193m | R4 901m | R5 242m | R5 146m | R5 375m |
| Surplus (herhalende items) | R500m | R860m | R906m | R1 108m | R1 282m |
| Personeelkoste / totale koste | 55,9% | 55,2% | 56,3% | 63,1% | 64,1% |
| Selfgegenereerde inkomste | R1 038m | R1 166m | R1 190m | R1 112m | R1 085m |
| % van inkomste vanaf regering | 41,4% | 41,0% | 41,0% | 43,0% | 42,6% |
| % van inkomste uit klasgeld | 33,8% | 35,1% | 32,6% | 34,3% | 34,5% |
| Kapitaaluitgawes op opgraderingsprojekte | R72m | R115m | R119m | R56m | R14m |

## Fondswerwing hou die wiele aan die rol

Universiteite kan nie net staatmaak op inkomstebronne soos staatsubsidies en klasgelde nie – ons het skenkings nodig om die wiele aan die rol te hou en ons te help om ons strategiese doelwitte te bereik.

Voortgesette ondersteuning van ons belanghebbers en skenkers stel ons studente in staat om beter as ooit tevore te word. Skenkings in die vorm van onder meer beurse, navorsings- en projekbefondsing of studentspesifieke veldtogte maak 'n beduidende verskil in die lewens van ons studente en stel ons in staat om oplossings te vind vir uitdagings wat gemeenskappe in die gesig staar.

Die vrygewigheid van ons skenkers skep **stories van hoop**, soos dié wat verband hou met ons 34 jaar oue Ikateleng-skoolprojek, sosio-ekonomiese impakprojekte en inisiatiewe om historiese studenteskuld uit die weg te ruim.

Die span by ons **Departement van Ontwikkeling en Fondsinsameling** is verbind tot goeie bestuur van fondse, en is gretig om met voornemende donateurs te praat. Met die samewerking van ons donateurs kan ons **#BeterTesame** wees terwyl ons 'n verskil in mense se lewens maak.

### Ons reis na grootsheid

### Ikateleng-projek ontvang R3,9 m

Die tyd toe hoëronderwysinstellings op inkomstebronne soos staatsubsidies en onderriggeld staatgemaak het, is lankal verby.

Dit is waarom donasies soos die Eskom-ontwikkelingstigting se R2,9 miljoen aan **Ikateleng**, ons jare lange ondersteuningsprojek vir skoliere, so welkom is.

Ikateleng se doelwit is om leerders se algehele eksamenuitslae te verbeter sodat hulle aan die toelatingsvereistes kan voldoen om vir tersiêre instellings aansoek te doen.



*Die HUB van die Eskom-ontwikkelingstigting, Cecil Ramonotsi, saam met Ben Zaaiman, senior bestuurder by die NWU se Departement van Ontwikkeling en Fondsinsameling.*

# HARTKLOP VAN DIE NWU: ONS FAKULTEITE

**8**
**fakulteite**

## Fakulteitstruktuur

Ons fakulteite het 'n gestandaardiseerde struktuur, wat soos volg lyk:

**UITVOERENDE DEKAAN VAN DIE FAKULTEIT**

- **Adjunkdekaan:** Onderrig en Leer
- **Adjunkdekaan:** Navorsing
- **Adjunkdekaan:** Gemeenskaps-betrokkenheid

### Hier is die aantal studente in elke fakulteit in *2022:

| Fakulteit | Studente | Fakulteitskleur |
|---|---|---|
| Opvoedkunde | 15 832 | |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 11 046 | |
| Ingenieurswese | 1 670 | |
| Gesondheidswetenskappe | 6 178 | |
| Geesteswetenskappe | 6 387 | |
| Regte | 2 881 | |
| Natuur- en Landbouwetenskappe | 7 515 | |
| Teologie | 700 | |
| Besigheidskool | 855 | |

**(2022-syfers is nie finaal nie)*

Vir verdere inligting oor ons fakulteite, besoek ons **Fakulteitsfeite.**



# OPVOEDKUNDE

## Entrepreneuriese leer

As deel van onderwyseropleiding bied die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Onderwys-vakgroep programinhoud met 'n sterk entrepreneuriese grondslag aan om finansiële onafhanklikheid te bevorder en by te dra tot ekonomiese groei.

Kortleerprogramme met entrepreneuriese inhoud word aangebied as deel van die professionele ontwikkeling en opleiding van dienende onderwysers.

## Uitsonderlike programme

Ons is 'n eenstop-onderwyseropleidingsfasiliteit wat die volle spektrum van onderwysfases en onderwyserbehoeftes insluit en voorsiening maak vir kontak- en afstandsleer.

- Die fakulteit se aanbod maak voorsiening vir alle vlakke van skoling en onderwyserontwikkeling. Die vlagskipaanbod is die BEd, wat die volle spektrum van aanvanklike onderwysersopleiding-programme, naamlik die grondslag-, intermediêre, senior en verdere onderwys en opleiding-fases insluit, sowel as tegnologie.
- Nagraadse programme sluit in die Nagraadse Onderwyssertifikaat, 'n gevorderde program wat deur kontak- of afstandsleer onderrig word, en BEdHons-, MEd- en PhD-kwalifikasies.
- Ons bied ook voortgesette onderwys-programme op sertifikaat- en diplomavlak aan, sowel as die gesogte BEdHons-, MEd- en PhD-programme.

## Gemeenskaps-betrokkenheid

- Ons bied kort leerprogramme in leierskap en bestuur aan vir skoolbestuurspanne, terwyl nagraadse studente in opvoedkundige sielkunde gespesialiseerde ondersteuningsdienste by 'n openbare skool aanbied.
- Die "Little African Scientists"-projek help met indiensopleiding van grondslagfase-onderwysers in 'n groep skole, en moniteer en ondersteun leerders in wiskunde en wetenskap.
- Die fakulteit samel fondse in om "groen" sanitêre ware aan vroulike studente te verskaf vir die volle duur van hul studies. Die volgende fase van hierdie projek behels vervaardigings- en entrepreneuriese inisiatiewe.

## NWU-navorsingsentiteite

- Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights)
- Selfgerigte Leer
- Gemeenskapsgebaseerde Opvoedkundige Navorsing (COMBER)
- Onderwysleierskap (Edu-Lead)

Die fakulteite maak ook daarvoor voorsiening dat personeellede buite die navorsingsentiteite navorsing kan doen.

## Navorsingsleerstoele

- UNESCO-leerstoel oor Multimodale Leer en OOH (Oop Opvoedkundige Hulpbronne)
- ETDP-SETA-navorsingsleerstoel in Vroeë Kinderonderwys

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## Entrepreneuriese leer

Universiteite speel 'n noodsaaklike rol deur 'n kultuur van entrepreneurskap onder studente en plaaslike gemeenskappe te bevorder. As 'n fakulteit bied ons talle geleenthede aan studente en plaaslike entrepreneurs om hul entrepreneuriese talente uit te brei en **beter as ooit tevore** te word.

- Die NWU se bhive Ondernemingsontwikkelingsentrum (bhive-OOS) ontwikkel die entrepreneuriese kapasiteit van studente, vroue en plaaslike entiteite.

**Die bhive-OOS se inisiatiewe sluit in:**

- die studentevereniging, Enactus
- die bhive mall, ons aanlyn markplatform
- ons Studente-entrepreneurskapsweekinisiatief
- die studentebesigheidskompetisies, Leopards' Lair en Entrepreneurskap-intervarsity
- 'n versnellingsprogram vir bestaande besighede
- inkubasiesteundienste vir plaaslike entrepreneurs
- ons vlagskipprogram, die Ondernemende Vroue-program (OVP).

Entrepreneurskap is ook geïntegreer in die akademiese program van ons BCom Bestuurswetenskappe-graad; studente word aangemoedig om teen die einde van hul studies 'n nuwe onderneming te begin.

## Uitsonderlike programme

- Ons fakulteit se programme sluit in: vervoerekonomie, logistieke bestuur, forensiese rekeningkunde, geoktrooieerde rekeningkunde, internasionale handel, landbou-ekonomie, belasting, bankwese en finansiële risikobestuur, toegepaste risikobestuur, bestuursrekeningkunde, finansiële rekeningkunde en toerismebestuur.
- Die kortleerprogram in wildlewebestuur lok plaaslike en internasionale deelnemers.
- Ons Sentrum vir Toegepaste Risikobestuur bied 'n uitsonderlike tweejarige deeltydse MCom in toegepaste risikobestuur aan.
- Die program vir forensiese rekeningkunde het die enkele grootste span van hoëronderwysberoepslui binne Suid-Afrika se kommersiële forensiese gemeenskap. Die graadaanbod sluit in 'n voorgraadse BCom-graad en honneurs-, meesters- en doktorsgrade in forensiese rekeningkunde. Die program bied ook die voorbereidende kursusse en raadseksamen vir volle lidmaatskap van die Instituut vir Kommersiële Forensiese Praktisyns aan.

  Studente in die geoktrooieerde rekeningkundeprogram vaar besonder goed in SAIGR se kwalifikasie-eksamen. Die afgelope ses jaar was die NWU in die top vier van 17 SAIGR-geakkrediteerde instansies landswyd. Twee van daardie jare was ons in die nommer een-posisie.

## Gemeenskaps-betrokkenheid

- In 'n voortgaande projek besoek skole en navorsingsentiteite in die fakulteit hoërskole regoor die Noordwesprovinsie om leerders te motiveer en inligting met onderwysers te deel. Hulle beklemtoon die belangrikheid van onderwys, die programme wat die verskillende NWU-skole aanbied en die baie verskillende beroepsgeleenthede wat in die sektor beskikbaar is. Hulle help leerders ook met hul universiteitsaansoeke en gee onderwysers bykomende onderrig en opleiding oor vakinhoud, om die beste moontlike resultate in hul vakke te verseker.
- Ons Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing-navorsingsentiteit (TREES), in samewerking met die skool vir Toerismebestuur, het 'n Facebook-blad met toerisme-verwante nuus vir die publiek.
- In samewerking met verskeie belanghebbers soos Greenpeace het TREES 'n veldtog geloods oor die ekologiese en omgewingsimpak van seismiese opnames, met 'n fokus op die Wildekus van Suid-Afrika.
- Met die fokus op onderwerpe soos "Save our South African Wild Coast" en "Oceans not Oil" verskaf verskeie akademici van Suid-Afrika wetenskaplike inligting om begrip van die negatiewe impak van seismiese opnames te bevorder.
- Die Wêreldwye Innoverende Talentbestuur aan die Spits-navorsingsentiteit (GIFT) het in 2021 die NWU se Toekenning vir Uitnemendheid in Gemeenskapsbetrokkenheid (Uitreik) ontvang vir vier voltooide projekte.

  Een van hierdie vlagskipprojekte was die opknapping van 'n graad R-klaskamer by die Phakisang Primêre Skool in Ottoshoop. Die GIFT-span het mure geverf, die klaskamer herrangskik en skryfbehoeftes en gordyne verskaf. Hulle het ook plante vir die personeelkamer voorsien en die speelterrein georganiseer.
- Ter viering van Mandela-dag het fakulteitslede kospakkies by verskeie gemeenskappe rondom die kampusse afgelewer en die plaaslike hospitaal en klinieke besoek met klere vir pasgebore babas. Personeel het die dag saam met kinders van verskillende weeshuise en met bejaardes van sorgsentrums deurgebring.

## Navorsingsleerstoel

- Wêreldhandelsorganisasie-leerstoel (WHO)

## NWU-navorsingsentiteite

- Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en Samelewing (TREES)
- Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese & Bestuurswetenskappe
- Handel en Ontwikkeling (TRADE)
- Wêreldwye Innoverende Talentbestuur aan die Spits (GIFT)
- Tegnologieverbeterde Leer en Innoverende Onderwys en Opleiding, Suid-Afrika (TELIT-SA)
- Bestuurskubernetika

## Ons reis na grootsheid

### Lerato is 2022 se Enactus se Nasionale Fakulteitsadviseur van die Jaar

Lerato Mohalajeng, 'n dosent in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en mede-adviseur van Enactus, is deur Enactus Suid-Afrika aangewys as die 2022-Nasionale Fakulteitsadviseur van die Jaar.

Dit is uit erkenning vir haar toewyding en bydrae tot sosio-ekonomiese ontwikkeling deur die bevordering van entrepreneurskap in Enactus en haar besondere mentorskap en afrigting van die studente in die Enactus-span.

Enactus is 'n internasionale netwerk van studente, akademici en sakeleiers wat daarna streef om deur middel van innovasie en entrepreneurskap 'n beter wêreld te skep.



*Lerato Mohalajeng van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.*

# INGENIEURSWESE

## Entrepreneuriese leer

Ons akademiese benadering is gebaseer op entrepreneuriese denke. Verskeie finalejaars- en nagraadse projekte het al suksesvolle ondernemings geword, soos die Sentrum vir Gevorderde Vervaardigingstegnologieë (SVGV) (Edms) Bpk, Jonker Sailplanes en Genio Intelligent Roasters.

Vir die besigheidsingenieurswese-module binne bedryfsingenieurswese formuleer die studente 'n befondsbare sakeplan, en die ingenieursbestuursmodule het 'n multidissiplinêre en interdissiplinêre benadering wat ingenieursekonomie en stelselingenieurswese insluit.

In samewerking met die bedryf en ander universiteite doen ons studente navorsing en ontwikkeling wat relevant is vir die bedryf, plaaslik en internasionaal. Dit strek tot voordeel van die bedryf en gee aan studente 'n goeie idee van die uitdagings en geleenthede in die ingenieursberoep.

### Navorsingsleerstoele

- DWI/NNS-leerstoel in Steenkoolnavorsing (Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoelinisiatief – SARChI)
- DWI/NNS-leerstoel in Biobrandstof en Ander Skoon Alternatiewe Brandstowwe (SARChI)
- DWI/NNS-leerstoel in Kerningenieurswese (SARChI)
- ESKOM EPPEI-spesialiseringsentrum vir Emissiebeheer

## Uitsonderlike programme

Al die BEng-programme is ingevolge die Washington-verdrag by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) geakkrediteer. Dit beteken dat hulle aan die hoogste internasionale standaarde voldoen en dat die kwalifikasies internasionaal erken word.

Vanaf 2022 sal 'n nuwe nagraadse diploma in bedryfsingenieurswese in volledige aanlyn afstandsmodus aangebied word. Verwante kortleerprogramme sal ook aangebied word.

Voortgesette onderriggeleenthede in industriële outomatisering word verskaf deur die Siemens-opleidingsentrum.

## Gemeenskaps-betrokkenheid

Die langtermyndoelwit van ons strategie vir gemeenskapsbetrokkenheid is om volhoubare programme en vennootskappe met 'n impak op individue, gemeenskappe en maatskappye, te implementeer.

Dit is belangrik om alle personeel en studente by gemeenskapsbetrokkenheid te betrek en hulle talente en vaardighede te benut om 'n groter impak te maak.

**Spesiale gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte sluit in:**

Tegniese Ondersteuningspan | Tuinmaakprojek | Sonkragkarontwerp | Koolstoofontwerp | Vinnige prototipe | Nasionale parke-projekte | Voedingsprogram | Studentejoolgemeenskapsdiens-projekontwerp | Engenius Kids | Modiragatsi | Femmegenieurswese | Kortleerprogram vir onderwysers

### NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid in Koolstofgebaseerde Brandstowwe
- Eenheid vir Energie- en Tegnologiestelsels
- Meertalige Spraaktegnologieë (MuST)

### Gehuisveste entiteite, platforms en institute

- DWI/HySA Infrastructure-bevoegdheidsentrum vir waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde
- DHN-sentrum vir Gevorderde Vervaardiging (Engels: CFAM)



# GESONDHEIDSWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Ons het 'n groot verskeidenheid programme – van farmasie, farmaseutiese wetenskappe, voeding en beroepshigiëne tot positiewe sielkunde, kinderbeskerming en forensiese praktyk. Ons opleiding in aanneming – in die kinderbeskermingsgraad, sowel as in forensiese maatskaplike werk – is tans die enigste nagraadse aanbod van sy soort in Suid-Afrika.
- Ons Magister Pharmaciae in farmasiepraktyk-programme bied gespesialiseerde opleiding aan aptekers in farmakowaaksaamheid en farmako-epidemiologie, farmaseutiese en gesondheidsekonomie en -beleid, en farmaseutiese openbaregesondheidsorgbestuur.

**Ander noemenswaardige programme is:**

- MSc's en PhD's in farmaseutiese wetenskappe, voeding, dieetkunde, verbruikerswetenskappe, farmaseutiese chemie, farmakologie en farmaseutika
- MHSc's en PhD's in gesondheidsberoepe-onderwys, transdissiplinêre gesondheidsbevordering, menslike bewegingskunde en rekreasiekunde
- MHSc in kardiovaskulêre fisiologie
- Meestersgraad en PhD in verpleegkunde
- BHSc in beroepshigiëne
- MA en PhD in positiewe sielkunde
- Meestersgraad in kliniese sielkunde, berading en navorsingsielkunde
- PhD in fisiologie
- MSW in forensiese praktyk en kinderbeskerming

## Gemeenskapsbetrokkenheid

Deur wedersyds voordelige samewerking streef ons daarna om gesondheidsuitdagings in die samelewing die hoof te bied en almal se gesondheid te verbeter:

- Die Cobuntu-projek (ondersteuning te midde van Covid-19 deur Ubuntu), 'n sosialemediaveldtog wat betroubare gesondheidsvoorligting verskaf, het meer as 350 000 sosialemediagebruikers bereik.
- Die gemeenskapsbetrokkenheidsmoniterings- en evalueringspraktyke van die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR) is bepalend vir beste praktyke vir die hele NWU.
- Die Welstand in Noordwes-projek het aanleiding gegee tot nege welstandsgroepe, sewe belangegroepe, 104 nuwe belanghebbers in die gemeenskapsbetrokkenheidsnetwerk, 'n gesondheidsbevorderingsberaad en 'n netwerk vir die bevordering van gesondheid vir die provinsie.
- Vroue van Ikageng in Potchefstroom woon oefenklasse by en ons bied oefen- en terapeutiese rekreasieprogramme aan vir inwoners van tehuise vir bejaardes en persone met intellektuele gestremdhede.
- Deur die Phelophepa-trein verskaf sielkunde-, farmasie- en verpleegkundestudente dienste aan gemeenskappe.
- ImpENSA verbeter vroeë voeding en gesondheid deur die bemagtiging van gesondheidsorgpraktisyns en gemeenskapsgesondheidswerkers. Die Afrika Voeding-leierskapsprogram ontwikkel leierskapskapasiteit in voeding onder praktisyns in Afrika.
- Die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) ondersteun globale en plaaslike hoëbloeddrukbewusmakings- en -siftingsveldtogte.
- Deur middel van 'n verpleegkundewebwerf, YouTube-kanaal en Facebook-blad skep ons landswye bewustheid van verpleegkunde deur die deel van hulpbronne, gesprekke en die vertel van ware verhale oor verpleegkunde en die helende effek daarvan.

## Entrepreneuriese leer

- Verbruikerswetenskappe is pro-entrepreneuries en gee aan studente praktiese en teoretiese blootstelling aan voedsel, mode, ondernemingsbestuur en bemarking.
- Die Social Greenhouse® maak volhoubare gemeenskapsgebaseerde implementering van tegnologie moontlik.
- Die DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddelon twikkelingsplatform-programme is behoefte-gebaseerd en omsluit die akademie, die bedryf én die regering.

# GESONDHEIDSWETENSKAPPE (voortgesit)

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (CEN)
- Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (Pharmacen)
- Sentrum van Uitnemendheid: Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres)
- Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrousorg (NuMiQ)
- Leefstylsiektes
- Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA)
- Beroepshigiëne en Gesondheidsnavorsingsinisiatief (OHHRI)

## Navorsingsleerstoel

- DWI/NNS Albertina Sisulu-navorsingsleerstoel in Verpleegkunde (SARChI)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- DWI/NWU Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform
- Mediese Navorsingsraad se Buitemuurse Eenheid vir Hipertensie en Kardiovaskulêre Siekte
- Sentrum vir Gesondheid en Menslike Prestasie
- Sentrum vir Gesondheidsberoepe-opleiding

## Kommersiële navorsingsentiteit

- Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Diens



Die **Hipertensie Navorsings- en Opleidingskliniek** van die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) op die Potchefstroomkampus vier vanjaar hulle tiende bestaansjaar.

# GEESTESWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

- Die gesogte vierjarige BA-graad in grafiese ontwerp berei die volgende generasie van grafiese ontwerpers en kreatiewe denkers voor om uit te blink in hul werk.
- Die BA-graad in openbare bestuur met munisipale bestuur en leierskap rus studente toe met die beste moontlike vaardighede vir ŉ loopbaan in plaaslike, provinsiale of nasionale regering.
- Die Baccalaureusgraad in Sosiale Wetenskappe met bevolking en demografie fokus op die kennis en vaardighede wat nodig is om bevolkingsbeleide en geïntegreerde bevolkingsverwante programme te implementeer.
- Die BA-graad in taaltegnologie stel studente in staat om taal binne tegnologiese programme te verwerk, wat hulle blootstel aan linguistiek en rekenaarlinguistiek, rekenaarwetenskap, wiskunde en statistiek. Dit stel studente in staat om meer akkurate en intuïtiewe mens-rekenaar-interaksie te fasiliteer.

## Gemeenskaps-betrokkenheid

- Die Musikhane Community Music Engagement Programme is ŉ werkgeïntegreerde program waarin studente van verskeie modules vir gemeenskapsmusiek die kennis wat hulle opdoen in die praktyk toepas. Dit skep geleenthede vir leerders, onderwysers en die gemeenskap om betekenisvolle musiekervarings te hê deur die verkenning van musiekopvoeding, personeelontwikkeling en gemeenskapmusiekdeelname.

  Musikhane het oor die jare aansienlik uitgebrei en het nou vyf verskillende vennootskapwebwerwe, elkeen spesiaal aangepas om gemeenskapskwessies en behoeftes aan te spreek.
- Die Skool vir Filosofie het die NWU-forum aangebied, wat gefokus het op akademiese integriteit en studente se opinies en sienings oor hierdie onderwerp.
- Ons Suid-Afrikaanse Gebaretaal-vakgroep het verskeie aktiwiteite tydens Dowe Bewusmakingsmaand gereël om bewustheid rondom die Dowe gemeenskap, sy mense, taal en kultuur te skep.
- Skryfkuns se Byderhand-inisiatief is ŉ interdissiplinêre digitale letterkundeprojek wat interaktiewe en multisensoriese leeservarings aan gesiggestremde leerders bied.
- Die Skool vir Tale is betrokke by akademiese geletterdheid en taaltoetsprojekte by hoëronderwysinstansies, in samewerking met die Inter-institusionele Sentrum vir Taalontwikkeling en Assessering (ICELDA) en Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR).
- Die CoLab-projek is ŉ samewerking tussen die NWU, die Nasionale Elektroniese Media-instituut van Suid-Afrika en die "Mahikeng Digital Innovation Hub" om e-vaardighede aan die vroue en die jeug van die Noordwesprovinsie te verskaf.

## Navorsingsentiteite

- Afrosentriese Bestuur van Openbare Aangeleenthede (AgoPA)
- Eenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA)
- Bevolking en Gesondheid
- Maatskaplike Transformasie
- Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)
- Inheemse Taalmedia in Afrika (ILMA)
- Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA)
- Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing (ViNCO)

# GEESTESWETENSKAPPE (voortgesit)

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taalhulpbronne (SADiLaR)
- Setswana Nasionale Leksikografiese Eenheid (Sefala NLE)
- Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT®)

## Sentrums wat ondersteuning bied aan personeel en studente

- ATKV-Skryfskool
- NWU-Skryfsentrum
- Sentrum vir Vertaling en Professionele Taaldienste (CTrans)

## Ons reis na grootsheid

### Ons grafiese ontwerpers wen steeds topkompetisies

Ons grafiese ontwerpers blink gereeld uit by die nasionale Pendoring-toekennings en die internasionale Loerie-toekennings.

Die Grafiese Ontwerp-vakgroep het ’n trotse geskiedenis van uitnemendheid by die Pendorings, met talle eerste plekke en toekennings wat hulle deur die jare behaal het. In 2021 het hulle ’n oorkoepelende vierde plek op die Pendoring-ranglys onder agt ontwerpinstellings of -skole in Suid-Afrika behaal en drie silwer toekennings huis toe gebring.

Ons grafiese ontwerpers het ook die finale rondte in vyf kategorieë in die Loeries se afdeling vir studentetoekennings behaal en brons in die Package Design — Type A-kategorie gewen. Die Loerie-toekennings gee erkenning aan en beloon die beste werk wat in die handelsmerk-kommunikasiebedryf in Afrika en die Midde-Ooste geproduseer word.





*Mardi Prinsloo se The Rain Queen-projek het aan haar ’n brons toekenning by die Loeries besorg.*

# REGTE

## Uitsonderlike programme

Ons Fakulteit Regte is ’n erkende leier in groeiende vakgebiede soos omgewingsreg, bestuursreg en internasionale handelsreg, terwyl hulle ook op die voorpunt bly van meer tradisionele vertakkings van die reg soos handelsreg en strafreg.

Ons bied ’n uitgebreide reeks voorgraadse opsies, versprei oor ons drie kampusse, om te verseker dat alle studente billike toegang het om regsberoepslui te word:

- BA Regte met ’n keuse van vyf hoofvakke, oor drie jaar
- BCom Regte met ’n keuse van drie hoofvakke, oor drie jaar
- LLB oor vier jaar
- LLB as ’n tweejaarkwalifikasie ná ’n BA Regte of BCom regte
- LLB uitgebreide program oor vyf jaar

**Ons nagraadse aanbod sluit in:**

- Doktorsgraad in die Regte in onder meer publiekreg, strafprosesreg, internasionale handel en sakereg, omgewingsreg en handelsreg
- PhD in Regte op die gebied van regte en ontwikkeling
- Twee LLM-strome (navorsing en gedoseerd) met 19 verskillende programspesialiserings in verskillende vertakkings van die regte
- MPhil in omgewingsreg en bestuursreg en ’n professionele LLM in strafreg en strafprosesreg

## Gemeenskaps-betrokkenheid

- Ons deel ons regskennis op gemeenskapsradioprogramme en ander mediaplatforms.
- Ons Regsklinieke in Potchefstroom en Mahikeng verskaf gratis regsdienste aan mense wat nie regsadvies kan bekostig nie. Die Fakulteit Regte bedryf ook ’n verskeidenheid gemeenskapsuitreikprogramme regdeur die jaar.

## NWU-navorsingsentiteit

- Navorsingseenheid vir Reg, Geregtigheid en Volhoubaarheid

## Navorsingsleerstoel

- DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Stede, die Reg en Omgewings-volhoubaarheid (SARChI)



Hierdie studente was die 2022-wenners van die gewilde jaarlikse NWU Juta **Skynhof-kompetisie**. Die skynhofkompetisie behels gesimuleerde oefeninge wat probleemgebaseerde en werkgerigte leer tot gevolg het.

# NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE

## Uitsonderlike programme

Benewens 'n omvattende reeks voorgraadse programme bied die fakulteit ook verskeie meesters- en doktorsgraadprogramme aan sodat nagraadse studente hul kennis kan uitbrei, verskillende spesialiserings kan verken en beter begrip kan ontwikkel van al die beskikbare moontlikhede. Die vlagskipprogramme sluit in:

- MSc in bedryfswiskunde en informatika
- MSc in astrofisika en ruimtewetenskap
- MSc in omgewingswetenskappe met spesialiserings in geïntegreerde plaagbestuur, ramprisikowetenskappe en atmosferiese chemie
- Diploma, BSc, MSc en PhD in dieregesondheid
- Baccalaureus- en meestersgraad in inheemse kennisstelsels

## Gemeenskaps-betrokkenheid

Ons het verskeie projekte wat daarop gemik is om aan die behoeftes van ons gemeenskappe te voldoen:

- Ramprisikoverminderingskennis vir plaaslike regering dra by tot verbeterde dienslewering vir plaaslike gemeenskappe.
- Ons leer 'n plaaslike gemeenskap hoe om die klimaatsveranderingbestande supervoedsel amarantgraan te verbou en te bemark, terwyl ons nano-waterfiltrasieaanleg veilige drinkwater aan die dorpie Madibogo verskaf.
- Ons twee wetenskapsentrums bevorder kinders en die publiek se kennis van wetenskap, tegnologie, ingenieurswese, wiskunde en inligtingswetenskappe.
- Die Nguni-beesprojek bemagtig ontluikende boere om kommersieel georiënteerd te raak, terwyl 'n ander projek gaan oor die ontwikkeling van inheemse terapieë vir beesvoerbedrywe.
- Ons mobiele laboratoriums bring wetenskapseksperimente na skole sonder laboratoriums in afgeleë uithoeke van ons provinsie. Ons stimuleer ook leerders se belangstelling in wetenskap deur interaktiewe wetenskapsuitstallings na die gemeenskappe te neem.
- Ons Mahikeng en Potchefstroom astronomiese observatoriums inspireer die publiek en leerders om die geheimenisse van die heelal te verken en beklemtoon die NWU se belangrike rol in die onthulling van daardie geheimenisse.

## Entrepreneuriese leer

Voorbeelde van kwalifikasies wat entrepreneuriese leer inkorporeer, is aktuariële wetenskappe, bedryfswiskunde en informatika, kwantitatiewe risikobestuur en besigheidsanalise, en omgewingsbestuur.

## Gehuisveste platforms, sentrums en institute

- DWT/NNS-sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels
- Sentrum vir Menslike Metabolomika
- Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie

## NWU-navorsingsentiteite

- Sentrum van Uitnemendheid vir Ruimtenavorsing
- Eenheid vir Datawetenskap en Rekenaarkunde
- Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur
- Chemiese Hulpbronveredeling
- Menslike Metabolomika
- Suiwer en Toegepaste Ontleedkunde
- Materiaalwetenskapinnovasie en Modellering (MaSIM)
- Voedselsekuriteit en -veiligheid

## Navorsingsleerstoele

- DWT/NNS-navorsingsleerstoel in Astrofisika en Ruimtefisika (SARChI)
- DWT/NNS SA-NAM Bilaterale Navorsingsleerstoel in Astronomie en Astrofisika (SARChI)
- Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika
- Sentrum vir Waterwetenskappe en -bestuur

## Ons reis na grootsheid

### Nuwe spesie na NWU-navorser vernoem

Prof Nico Smit van die Waternavorsingsgroep is vereer vir sy bydrae tot die kennis oor die isopode (primêr visparasiete van Suider-Afrika) toe wetenskaplikes 'n nuwe spesie van cirolanid isopode na hom vernoem het.


Dr Bruce en dr Rodcharoen het hierdie aankondiging gemaak in hulle beskrywing van die spesie wat in Desember 2021 in *Marine Biology Research* gepubliseer is.

Die nuwe spesie, *Metacirolana nicosmiti*, is op die koraalriwwe van Fiji ontdek en het die unieke diamantvormige versierings op sy kop.

Prof Smit en sy studente het tot dusver reeds meer as 36 nuwe isopood-spesies wêreldwyd beskryf, insluitende Hawaii, die Karribiese eilande, Afrika, Australië en Indië.



*Prof Nico Smit*



Metacirolana nicosmiti
*Bruce & Rodcharoen, 2021*

# TEOLOGIE

## Uitsonderlike programme

- Ons BA in antieke tale is een van die min programme in Afrika wat spesialisering aanbied in Grieks, Hebreeus, Aramees en ander tale wat nodig is vir diep ontleding en bestudering van antieke tekste en die Bybel. Ons aanbod sluit Latyn en Arabies in.
- Ons is ook een van die min universiteite wat 'n tradisionele klassieke graad aanbied. Daarby het ons 'n kursus in antieke kulture en spesialiskursusse in Egipties, Mesopotamies en ander antieke kulture.
- Die BA in pastorale berading en sielkunde berei studente voor vir moontlike loopbaanopsies soos pastorale berading, terwyl die BTh in Christelike Bediening gemik is op studente wat die bediening wil betree in die Apostoliese Geloofsending (AGS) en enkele ander kerkverbande. Laasgenoemde word deur kontakklasse op die Mahikengkampus en via afstandsleer aangebied.
- Die BDiv-kwalifikasie is vir studente wat predikante wil word in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en word deur kontakklasse op die Potchefstroomkampus en via afstandsleer aangebied.
- Die gedoseerde MDiv professionele meestersgraad fokus op opleiding vir praktiese bediening in kerke binne die gereformeerde tradisie.
- Ons is ook besig om 'n nagraadse diploma te ontwikkel wat dit vir studente uit ander vakgebiede moontlik sal maak om in te skryf vir 'n meestersgraad in teologie.

Hierdie uiteenlopende reeks programme en kwalifikasies verseker dat ons studente genoeg ruimte het om te besluit waar hul belangstellings en talente die beste aangewend kan word.

## Gemeenskaps-betrokkenheid

- Ons werk met plaaswerkers, inwoners van korrektiewe fasiliteite en skoolleerders. Die programme is prakties sowel as geestelik van aard.
- Ons LIFEPLAN®-opleidings- en -toerustingsprogram verskaf opleiding aan plaaswerkers oor temas soos verhoudinge, selfbeeld, finansiële bestuur en burgerskap.
- Deur die Vaderskapsopleidings- en -toerustingsprogram leer ons die inwoners van Potchefstroom se Aanhoudingsfasiliteite vir Verhoorafwagtendes om beter vaders te wees.
- Ons het verskeie programme by plaaslike skole om goeie burgerskap aan te moedig, leiding te gee oor studiemetodes, te fokus op vroulike higiëne, en om geletterdheid en akademiese vaardighede te bevorder.
- Die Skool vir Antieke Tale bied formele taalklasse aan vir laer- en hoërskoolleerders in Potchefstroom, sowel as 'n kortleerprogram in Latyn vir Plantkunde.

## NWU-navorsingsentiteite

- Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- Fokusarea – Antieke Tekste: Teks, Konteks en Ontvangs

# KOM ONS PRAAT BESIGHEID

## Op die wêreldverhoog

**Die NWU Besigheidskool** was die eerste skool op die Afrika-kontinent wat internasionale akkreditasie van die Business Graduates Association (BGA) ontvang het.

Boonop het die gesogte internasionale Vereniging van MBA's (VMBA) ons MBA-akkreditasie vir die maksimum tydperk van vyf jaar hernieu, wat die NWU-Besigheidskool een van slegs 2% van erkende besigheidskole in die wêreld met AMBA-akkreditasie maak.

As 'n outonome skool bied ons programme aan wat relevant is vir ons studente en senior bestuurders in die bedryf. Dit bied geleenthede vir sakelui en entrepreneurs om **beter as ooit tevore te word**. Ons formele programme sluit MBA, PGDIP en PhD in, terwyl die lys van uitvoerende onderwyskursusse omvangryk en in aanvraag is.

Die Bestuurskool differensieer homself met 'n fokus op kleinsakeondernemings deur sy Adviesburo vir Kleinsakeondernemings, en skep bewustheid en verskaf opleidingsgeleenthede in die stryd teen korrupsie deur sy Eenheid vir Korrupsie en Integriteitstudies.

Met ons spesifieke fokus op die mynbou- en landbousektor speel ons 'n belangrike en relevante rol in die Noordwesprovinsie en Gauteng.

## Ons is denke-leiers in Afrika

Deur die NWU-Besigheidskool se **African Bon-Bons-inisiatief** voer ons kundiges, navorsers en akademici vyf-minuut-onderhoude met relevante rolspelers in Afrika.

Ons het 'n tafelronde-inisiatief van stapel gestuur waar akademici, politici en sakeleiers, navorsers en nagraadse studente aanlyn en in persoon vergader om belangrike ekonomiese kwessies in Suid-Afrika te bespreek. Die onderwerpe sluit in korrupsie, resessies, die stand van plaaslike regerings en NSFAS-befondsing.

Deur ons Pitso-reeks debatte oor denke-leierskap kom kommentators bymekaar om voorraad op te neem van gebeure wat ekonomieë en bedelings regoor die wêreld raak.



# KENNIS SONDER GRENSE

Ons Eenheid vir Afstandsleer is die tweede-grootste verskaffer van oop afstandsleerprogramme in Suid-Afrika.

Alhoewel die meeste van die afstandsleer-studente ingeskryf is vir onderwysprogramme, het die meeste van die universiteit se fakulteite nou aanbiedinge vir afstandsleer. Die Fakulteit Ingenieurswese het in 2022 met afstandsleerprogramme begin.

Daarbenewens bied die eenheid die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) aan, wat in 2021 ongeveer 252 deelnemers in Suid-Afrika gehad het.

Oor die jare heen is meer as 100 000 NWU-kwalifikasies aan afstandstudente toegeken wat op soek was na geleenthede om teen hul eie tempo **beter as ooit tevore** te word in hul vakgebiede.

## Hoe doen ons dit?

Ons 44 leerondersteuningsentrums regoor Suid-Afrika en Namibië is toegerus met interaktiewe tegnologie wat dit vir studente en dosente moontlik maak om mekaar te sien en te hoor tydens sessies wat regstreeks uitgesaai word.

Ons gebou op die Potchefstroomkampus huisves moderne ateljees vir nasionale en internasionale uitsendings. Ons het ook die vermoë om kontaksessies op te neem en dit op die web te plaas vir studente om toegang te verkry.

Die eenheid het ongeveer 100 eksamensentrums regoor Suid-Afrika en Namibië.

## Ons groeiende voetspoor

Die meeste van die provinsiale onderwysdepartemente het reeds ooreenkomste met die NWU aangegaan, wat dit vir ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers moontlik maak om hul kwalifikasies en vaardighede te verbeter. Ons akkommodeer hierdie versoeke waar ons kan.



Ons **Eenheid vir Afstandsonderrig** bied talle geleenthede vir studente om 'n kwalifikasie te behaal om hulle loopbane te bevorder en hulle doeltreffendheid in die werkplek te verbeter.



# ONS LEWER GOED AFGERONDE STUDENTE

Die NWU is 'n plek waar studente akademiese uitnemendheid kan bereik en ook hul talente kan ontwikkel om **beter as ooit tevore te word** – hetsy in die sfeer van kuns, kultuur, sport of leierskap.

Aangesien kampuslewe gerig is op holistiese groei, verskaf ons ook dienste wat studente se gesondheid en welstand bevorder. Tydens die Covid-19-pandemie het ons aanlyn, telefoniese en SMS-platforms gebruik om psigososiale ondersteuning te bied, maar noudat ons studente terug is op kampus, gaan hierdie dienste in persoon voort.

Dieselfde geld vir ons kultuur- en sportaktiwiteite. Tydens die pandemie het ons sommige hiervan na aanlyn platforms verskuif en dit later persoonlik hervat.

Noudat die dinamiese studentelewe waarvoor die NWU so bekend is, hervat is, het ons studente talle geleenthede om aan hul gekose aktiwiteite op universiteits-, streeks-, nasionale en internasionale vlak deel te neem.


## Studenteprofiel

In *2022 het die NWU se studenteprofiel soos volg daar uitgesien (soos op 31 Mei):

| | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 62 558 | 61 212 | 63 671 | 56 425 | 53 469 | 53 071 |
| Kontak | 41 765 | 43 418 | 44 647 | 44 785 | 43 638 | 44 139 |
| Afstand | 20 793 | 17 794 | 19 024 | 11 640 | 9 830 | 8 932 |


*(2022-syfers is nie finaal nie)*

### Rassesamestelling in *2022




Totaal: 53 071

### Geslagsamestelling in *2022




Totaal: 53 071

*(2022-syfers is nie finaal nie)*

## Voorgraads vs nagraads

Alhoewel die meeste studente voorgraadse studente was, het die NWU ook 'n beduidende aantal nagraadse studente in *2022 gehad. Hulle sluit in:

**2 246** meestersgraadstudente

**1 084** doktorsgraadstudente

**(2022-syfers is nie finaal nie)*

## Studie-opsies

Hier is sommige van die studiekeuses van studente in *2022:

| Hoofstudierigting | Kontak | Afstand |
|---|---|---|
| Wetenskap, ingenieurswese en tegnologie | 12 027 | 261 |
| Besigheid en bestuur | 11 409 | 369 |
| Opvoedkunde | 7 876 | 7 909 |
| Geestes- en sosiale wetenskappe | 12 827 | 393 |

**(2022-syfers is nie finaal nie)*

## Bevordering van akademiese sukses

Ons bied verskeie programme aan om studente akademies by te staan en om hul kans op sukses met hul studies te optimaliseer.

Akademiese ondersteuning, hetsy aanlyn of in persoon, is omvattend:

- Alle eerstejaarstudente doen akademiese geletterdheids- en vaardigheidstoetse om te bepaal of hulle sal baat by die addisionele akademiese geletterdheidsmodules wat aangebied word.
- Ander akademiese ondersteuning sluit in ewekniementorskap, tutoriale, leeslaboratoriums en skryfsentrums.
- Ons bied ook Aanvullende Onderrig (AO) aan, wat 'n internasionaal erkende akademiese ondersteuningstelsel vir studente is.
- Die Universiteit-voorbereidingsprogram (UnivPrep) is 'n oorbruggingsprogram vir studente wat andersins nie vir universiteitstoelating sou kwalifiseer nie.
- Ons bied opknappingsprogramme in wiskunde aan vir eerstejaarstudente wat geregistreer is vir programme wat modules in wiskunde insluit.
- Ons verskeie uitgebreide programme maak dit vir studente moontlik om die kurrikulum oor 'n langer tydperk te versprei, wat die akademiese werklading verlig en hul kanse op akademiese sukses verhoog.

## So sien ons om na ons studente

Ons kampusgesondheidsentrums en studenteberading en -ontwikkeling-eenhede bied gratis mediese en psigososiale dienste aan studente.

Ons volg 'n holistiese en multidissiplinêre benadering tot die versorging van ons studente. Ons bied verskeie beradings- en maatskaplike welsynsdienste en organiseer bewusmakingsveldtogte oor onder meer MIV en Vigs, geslagsgebaseerde geweld en LGBTQIA+ regte.

## Oos, wes, tuis bes

Daar is baie studenteverblyfopsies. Ons verskaf 11 319 beddens wat bestuur word deur Inwoning en Voedseldienste. Dit sluit in beddens wat deur die NWU besit word en ander beddens wat gehuur word by private verskaffers (en as deel van die universiteit se formele koshuise bedryf word).

Ongeveer 25 000 studente woon in geakkrediteerde behuisingsfasiliteite wat deur privaat verhuurders verskaf word, terwyl nog baie meer studente in privaat, niegeakkrediteerde fasiliteite bly.

Daar is 38 NWU-koshuise op die drie kampusse, plus een niekampuskoshuis in Vanderbijlpark, waar ons ook 'n bykomende vier koshuise in die dorp huur.

'n Groot behuisingskompleks met 1 728 beddens is op die Mahikengkampus voltooi en in Februarie 2022 oorhandig. Die eerste groep studente het net betyds hul intrek in hierdie moderne fasiliteit geneem om die 2022 akademiese jaar in styl te begin.

## Ons reis na grootsheid

### Nuwe behuisingskompleks is studente se tuiste weg van die huis

Die nuwe behuisingskompleks op die Mahikengkampus het sy deure vir studente geopen.

Prof Sonia Swanepoel, die adjunk-visekanselier vir gemeenskapsbetrokkenheid en Mahikengkampus-bedrywighede, beskryf die gebou as 'n voorbeeld van ons sorgsaamheidsetiek teenoor ons studente.

"Ons vertrou dat hierdie behuisingskompleks vir talle toekomstige geslagte studente 'n veilige en aangename omgewing sal verskaf waar hulle hul volle potensiaal kan bereik," sê sy.



*Hier kry jy 'n idee van die Mahikengkampus se ruim nuwe studentebehuisingseenhede.*

# GEE VERBEELDING EN VOETE VLERKE

Studente het talle geleenthede om hulle talente te ontwikkel deur aan sport, die kunste, kulturele en ander buitemuurse aktiwiteite deel te neem.

Geleenthede om aan hierdie aktiwiteite deel te neem was beperk terwyl Covid-19-pandemiebeperkings in plek was, maar noudat dit opgehef is, kan studente weer vryelik deelneem.

## Kultuur in die kollig

Kultuuraktiwiteite sluit in debat, drama, dans en kultuurverenigings, orkeste, eerstejaarkonserte, musiekblyspele, talentkompetisies, kore, sanggroepe, kunstefeeste, uitstallings en kompetisies, skoonheidskompetisies, kampusradiostasies en studentekoerante.

## Op julle merke, gereed ...

Op al drie kampusse kan studente sport beoefen vir ontspanning of welstand of om mededingend deel te neem, of as hoëprestasiespelers en -atlete.

Wanneer hulle die universiteit verteenwoordig, neem ons sportspanne deel onder die vaandel van die NWU Eagles. Ons kan, op grond van ons prestasies op die sportveld, daarop aanspraak maak dat ons een van die top-sportuniversiteite in Suid-Afrika is.

### Ons spog met die volgende twee institute:

- Rugbyinstituut
- Sokkerinstituut

### Ons bied sewe sportsoorte op hoëprestasievlak aan:

- Atletiek
- Krieket
- Hokkie
- Netbal
- Rugby
- Sokker
- Tennis

### Daarbenewens kan die volgende sportkodes mededingend of vir ontspanning of welstand geniet word:

Aërobiese oefeninge / pluimbal / basketbal / liggaamsbou / boks / kanovaart / skaak / "circuit training" / krieket / landloop / fietsry en bergfietsry / danssport / e-sport / gholf / gimnastiek / hokkie / Ju-jitsu / karate / skopboks / leer om te swem / breinsport / netbal / Pilates / pool / rotsklim / rugby / sewesrugby / hardloopklub / spinning / muurbal / swem / Taekwondo / tafeltennis / tennis / vlugbal / waterpolo / joga / Zumba

## Ons is die kampioene

Ons sportsterre het in 2021 en 2022 aan twee interuniversiteitstoernooie deelgeneem. Dit was die Universiteitsport Suid-Afrika-kampioenskappe (USSA) en die Varsitybeker-kompetisie.

### Varsitybeker-kompetisie:

**ATLETIEK**
1ste plek (2021) 2de plek (2022)

**NETBAL**
4de plek (2021)

**SKAAK**
1ste plek (2021)

**SOKKER**
6de plek (2021)

### USSA-kampioenskappe:

**ATLETIEK**
1ste plek (2021)
2de plek (2022)

**VROUENETBAL**
4de plek (2021)

**LIGGAAMSBOU**
2de plek (2021) 1ste plek (2022)

## Gasheer vir die wêreld se bestes

Die NWU het in die afgelope twee jaar gasheer gespeel vir verskeie groot byeenkomste:

- Vereniging van Beroepstennisspelers-byeenkoms (ATP-byeenkoms) vir mans en vroue
- Internasionale Tennisfederasie-byeenkoms (ITF-byeenkoms) vir mans en vroue
- Internasionale Hokkiefederasie (FIH) Junior Vrouewêreldbeker-byeenkoms
- Internasionale Hokkiefederasie (FIH) Professionele Liga-hokkie-byeenkoms vir mans
- Internasionale Krieketraad (IKR) o/19-krieketwêreldbeker-byeenkoms

In Desember 2021 het die NWU die Koningin se Aflosstokkie ontvang as deel van die spesiale afloswedren wat die 2022 Statebondspele voorafgaan Die aflosstokkie is afgelewer by die Statebondspele wat van 28 Julie tot 8 Augustus in Birmingham, Engeland, plaasgevind het.

## Uitnemendheid in die kalklig — hier en in die buiteland

NWU-atlete Marissa Swanepoel (10 000 m stap) en Keanu Domingo (1 500 m) het Suid-Afrika in Augustus 2021 by die Wêreldatletiek o/20-wêreldkampioenskap in Nairobi, Kenia, verteenwoordig.

By dieselfde byeenkoms het Jerry Motsau (3 000 m), Marga Cumming (hamergooi) en Marissa Swanepoel (junior stap) nuwe Suid-Afrikaanse rekords opgestel.

In Februarie 2022 het Deidre Jordaan Suid-Afrika verteenwoordig by die Afrika-pluimbalkampioenskap in die hoofstad van Uganda, waar sy ŉ silwermedalje in die dubbelsfinaal ingepalm het. Sy was ook ŉ lid van die vrouespan wat algeheel derde geëindig het.

Prof Pieter Kruger, direkteur van die Sentrum vir Gesondheid en Menslike Prestasie, het die 20 km-puntewedren gewen tydens die 2022 Suid-Afrikaanse Baanfietsrykampioenskappe wat in Maart by die Bellville-velodrome gehou is.

By die Junior Vrouehokkie-wêreldbeker-byeenkoms in Potchefstroom in April 2022 was ses van die o/21-hokkiespelers en drie lede van die senior nasionale span van die NWU. Een van die senior spelers het in Julie 2022 na die Wêreldbeker-toernooi in Nederland en Spanje gegaan, terwyl die ander twee nie-reisende reserwes was.

Op die rugbyfront het ons jong NWU Eagles in April 2022 tweede op die puntelys in die Varsitybeker Young Guns-kompetisie geëindig. In dieselfde maand het NWU-personeellid Elroy Gelant tweede geëindig in die 2022 Twee Oseane-halfmarathon in Kaapstad.

Voormalige en huidige NWU-atlete het altesaam 16 medaljes ingeoes tydens die 2022 Atletiek Suid-Afrika Senior Baan- en Veldkampioenskappe in Groenpunt, Kaapstad. Spiesgooiers Johann Grobler en Jo-Ané van Dyk, 20 km-stappers Marissa Swanepoel en Wayne Snyman, en paalspringer Valco van Wyk het almal goud gewen.

Met die viering van die 30ste herdenking van Suid-Afrika se hertoelating tot internasionale kompetisie in 1992, het die SA Atletiekstatistici die NWU-afrigter Terseus Liebenberg as topafrigter van die hertoelatingsera aangewys.

Elf studente van die NWU se atletiekklub het Suid-Afrika in Junie 2022 verteenwoordig by die Konfederasie van Afrika-atletiek (KAA) se Afrika-kampioenskappe in Mauritius.

By dié byeenkoms het Jo-Ané van Dyk (spiesgooi) en Alan Cumming (hamergooi) goud gewen, terwyl Ryan Williams (diskus) en Valco van Wyk (paalspring) bronsmedaljes ontvang het.


Tydens die USSA-kompetisie in Julie 2022 het liggaamsbouer Penny Sambo eerste in sy afdeling geëindig en is hy ook as die algehele wenner van die liggaamsbou-toernooi aangewys.



In die onlangse 2021-2022 *SA Athletics Annual*, ŉ publikasie van die SA Atletiekstatistici (SAAS), is die NWU-atletiekafrigter Terseus Liebenberg as die topafrigter van die hertoelatingsera aangewys. By hom is by die atlete **Jo-Ané van Dyk** en **Clarissa Weyer**.



Die NWU se hamergooisibbe **Alan** en **Marga Cumming** het Suid-Afrika in Junie 2022 by die Konfederasie van Afrika-atletiek (KAA) se Afrika-kampioenskappe in Mauritius verteenwoordig. Alan het ŉ goue medalje gewen en Marga was vierde in haar afdeling.



Tydens die Julie 2022 USSA-kompetisie het liggaamsbouer **Penny Sambo** eerste in sy afdeling geëindig; hy is ook as die algehele wenner van die liggaamsbou-toernooi aangewys.

## Top-oefenbestemmings

Die NWU se Hoëprestasie-instituut (HPI) beskik oor een van die bes toegeruste sportgimnasiums in Afrika en bied ŉ volledige reeks sportafrigting-, geneeskundige, navorsings-, voedings- en sportsielkundige dienste. Die eersteklasfasiliteite lok baie atlete van regoor die wêreld.

Saam met die HPI lewer die Sentrum vir Menslike en Gesondheidsprestasie wetenskaplike ondersteuningsdienste aan nasionale en provinsiale sportfederasies, die Noordwes-akademie vir Sport en verskeie sportkodes op ons kampusse.

Die moderne Sports Village op die NWU se Potchefstroomkampus akkommodeer die meer as 2 500 nasionale en internasionale sportspanne en atlete wat elke jaar by hierdie plekke oefen.

## NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE


**Jean Stidworthy**
Direkteur: Bemarking en Studentewerwing
Tel: +27 18 299 2774
E-pos: jean.stidworthy@nwu.ac.za

**Louis Jacobs**
Direkteur: Korporatiewe Kommunikasie
Tel: +27 18 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

**Warren Makgowe**
Direkteur: Belanghebberverhoudinge
Tel: +27 16 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za


## Erkenning


**Samestelling:**
Korporatiewe Kommunikasie, NWU

**Ontwerp, uitleg en drukwerk**
African Sun Media
www.africansunmedia.co.za
info@africansunmedia.co.za

**Fotografie**
NWU-diensverskaffers en -kollega


PROFIEL 2022 - 2023

NWU®
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

NWU®

NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA

Dit begin alles hier®

BETER
AS

